



Algemene Oueromsendbrief nr. 05 van 2026

16 Oktober 2026

Geagte Ouers/Voogde

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM EN DIE SKOOLHOOF

Hierdie verslag word aan u voorgehou in aanloop tot die Algemene Jaarvergadering wat op 22 Oktober 2026 aanlyn sal plaasvind soos in Algemene Omsendbriewe nommers 3 en 4 van 2026 deurgegee. Ons versoek vriendelik dat u die vergadering sal bywoon aangesien die goedkeuring van die begroting en skoolgelde 'n kworum vereis.

Die doel van hierdie verslag is om 'n oorsig te bied van Hoërskool Randburg se belangrikste prestasies en hoogtepunte gedurende 2026, asook die vordering met die beheerliggaam se strategiese prioriteite en die verdere ontwikkeling van die skool.

1. Hoogtepunte van 2026

2026 was 'n besondere jaar vir Hoërskool Randburg met die viering van die skool se 60ste bestaansjaar. Die mylpaal is met verskeie feestelikhede gevier, waaronder 'n musiekfees, 'n geleentheid vir ouers en oud-leerders en 'n dankseggingsdiens. Die vieringe het die skool se trotse geskiedenis en die verbondenheid aan die Randburg-gemeenskap beklemtoon.

Teen hierdie agtergrond het 2026 ook hoogtepunte op akademiese, sport-, kultuur- en ander terreine opgelewer wat die skool se voortgesette ontwikkeling weerspieël. Die onderstaande oorsig lig enkele van die belangrikste prestasies en gebeure uit. Besonderhede oor die skool se aktiwiteite, prestasies en geleenthede is in die gereelde uitgawes van [Randjienuus](#) op die skool se webwerf beskikbaar.

1.1 Akademie

Hoërskool Randburg het op sy tradisie van akademiese uitnemendheid voortgebou. Die Matrieks van 2025 lewer baie goeie resultate, met die skool wat vir die vierde agtereenvolgende jaar erkenning vir uitstaande prestasie in Engels Huistaal in die Johannesburg-Noord-distrik ontvang, terwyl die 2025-matriekgroep se Geografie-uitslae as die tweede beste in Gauteng aangewys is. Vir die res van die skool het leerders goed in akademiese olimpiades presteer, die robotikaprogram het verder ontwikkel en vakuitstappies en loopbaanuitstallings het waardevolle leer- en ontwikkelingsgeleenthede gebied.

Ons beste wense vergesel hierdie jaar se graad 12's met die eindeksamen wat reeds hierdie week 'n aanvang geneem het.

1.2 Sport

Die jaar het op 'n hoë noot afgeskop met 'n historiese dubbele Interhoër-oorwinning in atletiek en swem op twee opeenvolgende dae, met die swemspan wat vir die tweede agtereenvolgende jaar die C-liga Interhoër gewen het. Ons rugbyspanne toon standvastigheid in die Leeus/Luiperds-liga en veral die junior spanne se goeie uitkomst in die Afdeling 2 Noordvaal-kompetisie lê 'n goeie basis waarop gebou sal word. Netbal het 'n baie suksesvolle jaar beleef, met goeie ligaprestasies en verskeie spanne wat tot die Gauteng-kampioenskappe deurgedring het. Die o. 16A-span het tiende by die SA Skolekampioenskappe geëindig, terwyl die o. 18 *Fast 5*-span ook onlangs vir die nasionale kampioenskappe gekwalifiseer en 'n dertiende plek behaal het. Ons hokkieprogram gaan steeds van krag tot krag, terwyl leerders in verskeie individuele sportsoorte, waaronder bergfietsry, skiet en atletiek, op provinsiale, nasionale en internasionale vlak presteer het.

1.3 Kultuur

Hoërskool Randburg het gedurende 2026 op ons sterk en uiteenlopende kultuuraanbod voortgebou. Leerders het op verskeie terreine, waaronder redenaars, debat, drama, dans en visuele kunste, uitblink en aan kompetisies en geleenthede op streeks- en nasionale vlak deelgeneem. Die skool se musiekprogram het ook besondere erkenning ontvang, met die Magneetskool vir Musiek wat as die beste in Gauteng vir die groei en ontwikkeling van vakmusiek aangewys is. Die jaarlikse Randjie Koorfees en ander musiekgeleenthede het verder tot 'n lewendige kultuurprogram bygedra. Voorbereidings vir die skool se tweejaarlikse produksie in 2027 het reeds begin.

1.4 Gemeenskapsbetrokkenheid en skoolkultuur

Gemeenskapsdiens en die ontwikkeling van verantwoordelike burgerskap speel 'n belangrike rol in die vorming van ons leerders. Deur die Ligprojek, Studenteforum en ander inisiatiewe het leerders geleentheid gekry om aan uitreikprojekte, bloedskenkgeleenthede en gemeenskapsaktiwiteite deel te neem. Die skool het ook sy bande met ouers, oud-leerders en omliggende laerskole versterk deur opedae, besoeke en verskeie sosiale geleenthede.

Die alumni-organisasie het gedurende 2026 verder momentum gekry, met die doel om oud-leerders, voormalige personeel en ondersteuners sterker by die skool te betrek en blywende verhoudinge tot voordeel van die skoolgemeenskap te vestig. Ons sien uit om hierdie inisiatief te sien groei.

2. Strategiese fokus en ontwikkeling

Die beheerliggaam het gedurende 2026 voortgegaan om uitvoering aan die skool se strategie te gee, met die fokus op volhoubare ontwikkeling van leerders, die verbetering van fasiliteite, die versterking van die skool se akademiese en sportaanbod, behoud van skooltradisies en die bevordering van 'n positiewe skoolkultuur.

2.1 Akademie ontwikkeling

Die handhawing en verbetering van akademiese standaarde staan sentraal in die skool se werksaamhede. 'n Akademiese beraad deur ons onderwyserskorps het op die aanpassing van onderrigbenaderings gefokus om beter aan die behoeftes van 'n veranderende generasie leerders te voldoen, met die doel om leerinhoud meer relevant en toeganklik te maak en akademiese sukses te bevorder. Daar is 'n reeks prioriteite geïdentifiseer, waarvan verskeie reeds vanaf 2027 'n aanvang neem.

2.2 Leerder groei

Die volhoubare groei van leerdergetalle bly 'n belangrike strategiese doelwit. Voorlopige aanduidings ondersteun die opwaartse kurwe van die afgelope dekade, met 'n verwagte graad 8-inname van meer as 200 leerders in 2027. Groter leerdergetalle versterk die skool se finansiële basis en ondersteun 'n breër akademiese, sport- en kultuuraanbod.



2.3 Infrastruktuur en fasiliteite

Die meerjarige projek om al die klaskamers op te gradeer, duur voort, terwyl omvattende verbeterings aan die Hotelskool se kombuise en toerusting tans onderweg is.

Teen die agtergrond van stygende munisipale kostes en onbetroubare diensvoorsiening, word verder gewerk aan oplossings om die skool se watersekerheid te verbeter en afhanklikheid van munisipale dienste oor die langer termyn te verminder. Die doeltreffende bestuur van water, elektrisiteit en ander hulpbronne bly 'n belangrike oorweging by toekomstige infrastruktuurbeplanning.

2.4 Sportontwikkeling, bemarking en werwing

Die professionalisering van ons sportaanbod en die versterking van die skool se bemarkings- en werwingsfunksies geniet steeds prioriteit. Die Sport- en Bemarkingsentrum wat gedurende 2026 gevestig is, funksioneer goed en bied 'n grondslag vir meer gefokusde sportontwikkeling, bemarking en talentwerwing. 'n Goeie voorbeeld van waarmee ons besig is, is die stigting van 'n Randburg NPL-krieketakademie wat in Januarie 2027 met professionele afrigting afskop.

Die sentrum se kapasiteit sal in 2027 verder versterk word deur die toevoeging van 'n nuwe personeellid wat sal help om die skool se sportstrategie te dryf. Die langtermynvisie is om sport en bemaking as onderskeibare, gespesialiseerde funksies te ontwikkel en terselfdertyd die behoud van plaaslike talent en volhoubare leerdergroei te bevorder.

2.5 Beleidshersiening

Die sistematiese hersiening en opdatering van skoolbeleide het gedurende 2026 voortgegaan. Belangrike beleide is vanjaar afgehandel, waaronder die lywige gedragskode vir leerders, wat die dissiplinêre beleid en ondersteunende beleide omvat, asook 'n nuwe beleid oor die gebruik van kunsmatige intelligensie (KI). Verdere beleidswerk duur voort om 'n toepaslike, konsekwente en goed funksionerende bestuursraamwerk te verseker.

2.6 Personeel en onderriggehalte

Die behoud en ontwikkeling van bekwame personeel bly noodsaaklik vir die gehalte van die skool se aanbod en sy kompeterende posisie. Die beheerliggaam befonds addisionele onderwys-, administratiewe en ondersteuningsposte bo en behalwe die poste wat deur die Gautengse Departement van Onderwys voorsien word. Dit is jaarliks ons grootste uitgawe.

Tydens 2026 befonds die staat 38 onderwyserposte soos volg gestruktureer:

- 1 x posvlak 4-pos - skoolhoof
- 2 x posvlak 3-poste - adjunkhoofde
- 6 x posvlak 2-poste - departementshoofde
- 29 x posvlak 1-poste - onderwysers

Met hierdie toewysing alleen sou ons 35 – 40+ leerders per klas moes akkommodeer. Nie alleen is ons lokale ontoereikend vir sulke groot groepe nie, dit is opvoedkundig onverantwoordbaar en verlaag die standaard van onderrig.

Ons het tans 27 addisionele onderwysers in diens. As resultaat kan ons junior klasse van 23 of 25 leerders in plek hou, terwyl keusevakke in die senior grade beperk word tot minder as 30 leerders per vak en as uitsondering is daar selfs een vak met slegs vyf leerders wat ons binne die skoolrooster akkommodeer (wat uitsonderlik is, gegewe 'n norm van 15 leerders vir 'n vak). Ons bied ook na-uurse vakke aan vir leerders wat meer as die voorgeskrewe minimum vakke sou wou neem as deel van die Verdere Onderwys en Opleidings kurrikulum (gr.10-12).

Ons benodig die dienste van meer as die vyf werkers wat deur die GDO voorsien word om ons terrein en geboue in stand te hou en het 'n verdere 14 in diens.

Administratief voorsien die GDO slegs twee poste en ons het 'n verdere ses in diens om aan die administratiewe behoefte van die skool te kan voldoen.

Die skool is steeds in die proses om die vergoeding van beheerliggaam-aangestelde personeel geleidelik nader aan vergelykbare departementele vergoedingsvlakke te bring en om mededingende vergoeding vir addisionele verantwoordelikhede te handhaaf. Dit word in die begroting vir 2027 gereflekteer.

2.7 Finansiële volhoubaarheid en toekomstige ontwikkeling

Finansiële volhoubaarheid bly 'n kernprioriteit van die beheerliggaam. Die skool se uitgebreide akademiese en buitekurrikulêre aanbod, addisionele personeel en voortgesette infrastruktuurontwikkeling vereis aansienlike finansiële hulpbronne. Die beheerliggaam fokus daarom op verantwoordelike begrotingsbestuur, die prioritisering van uitgawes en die ondersoek van aanvullende finansierings- en borggeleenthede om die skool se gehalte en mededingendheid op die lang termyn te handhaaf.

3. Die pad vorentoe

3.1 Uitdagings en prioriteite

Hoewel goeie vordering gedurende 2026 met die skool se strategiese prioriteite gemaak is, is verskeie uitkomstige langer termyn van aard en lê daar steeds belangrike uitdagings voor. Die verdere opgradering van fasiliteite, ontwikkeling van die sportprogram en verbetering van die skool se akademiese en buitekurrikulêre aanbod sal volgehoue aandag en belegging verg.

Hierdie ontwikkelingsbehoefte moet opgewees word teen toenemende finansiële druk en die noodsaaklikheid om skoolgeld so bekostigbaar moontlik te hou. Die uitdaging vir die beheerliggaam is om realistiese prioriteite te stel en die beskikbare hulpbronne aan te wend tot die grootste moontlike voordeel van leerders en die skool se langtermynontwikkeling.

3.2 Stygende koste en skoolgeldverhogings

Soos huishoudings en ondernemings, word die skool toenemend deur stygende bedryfskoste geraak. Verskeie van die skool se kernuitgawes styg aansienlik vinniger as algemene inflasie, waaronder brandstof, munisipale dienste, salarisse van beheerliggaam-aangestelde personeel, sekuriteit, versekering en die instandhouding en opknapping van verouderende fasiliteite.

Ondanks noukeurige begrotingsbeplanning en streng kostebeheer is dit nie haalbaar om die voorgestelde skoolgeldverhoging tot die inflasiekoers te beperk nie. Ons beoog egter om die verhoging onder 10% te hou. Ons besef dat dit hoër is as in vorige jare en verdere druk op ouers plaas. Die besluit word nie ligtelik geneem nie, maar is nodig om die gehalte van onderrig, ons uitgebreide akademiese, sport- en kultuuraanbod en die instandhouding van ons fasiliteite volhoubaar te ondersteun.

Bekostigbaarheid bly 'n belangrike oorweging. Voorlopige vergelykings dui daarop dat Hoërskool Randburg steeds een van die meer bekostigbare Afrikaanse hoërskole in Johannesburg-Noord sal wees. Ons bly verbind tot die verantwoordelike bestuur van ouers se finansiële bydraes om die beste moontlike waarde daarvoor te bied.

Ons besef ook dat gesinne se finansiële omstandighede verskil. Ouers word daarom herinner aan die moontlikheid van skoolgeldvrystelling vir gesinne wat kwalifiseer in terme van die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld, 2005 (uitgevaardig ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996), asook die beskikbaarheid van betalingsreëlins en afslag vir vroeë betaling, waar van toepassing. Ons moedig ouers aan om betyds met die skool in verbinding te tree indien hulle meer inligting oor hierdie opsies benodig of finansiële uitdagings ervaar.

4. Ten slotte

Met die huidige beheerliggaam se termyn wat ten einde loop, staan die skool voor 'n belangrike oorgang in 2027. Die voortgesette sukses van Hoërskool Randburg verg sterk leierskap, kundigheid en mense wat bereid is om hul tyd, energie en ervaring in die skool te belê. Ons doen daarom 'n beroep op ouers om na vore te tree en aktief by die volgende beheerliggaam betrokke te raak. Die skool se toekoms word nie net deur die besluite van vandag bepaal nie, maar ook deur die mense wat bereid is om môre verantwoordelikheid te neem.


Ons bedank ons ouers en voogde vir hul volgehoue ondersteuning. Ons waardeer in besonder die belangrike rol wat ouers in hul kinders se opvoeding speel. 'n Sterk vennootskap tussen die skool en ouerhuis, gegrond op wedersydse vertroue, oop kommunikasie en gedeelde verantwoordelikheid, bly noodsaaklik vir ons leerders se sukses.

Hoërskool Randburg het oor 60 jaar 'n trotse nalatenskap opgebou. Dit is nou ons gesamentlike verantwoordelikheid om daarop voort te bou en die skool nog sterker aan die volgende geslag oor te dra. Ons sien met vertroue uit na 2027 en na wat ons saam kan bereik.

Vriendelike groete



C. Le Roux
BL-voorsitter



P. Booysen
Skoolhoof